
**President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie



# Land Veilig te midde van Onstuimigheid

ŉ Rukkie gelede was ek, en my vrou Harriet, by ŉ lughawe waar ons gekyk het na die landing van manjifieke vliegtuie. Dit was ŉ winderige dag, en sterk winde het teen die aankomende vliegtuie gewoed, wat veroorsaak het dat hulle gedurende hulle aanvlug, gekantel en gesidder het.

Terwyl ons die worsteling tussen die natuur en die masjiene aanskou het, het ek terug gedink aan my eie vlug opleiding en die beginsels wat ek daar geleer het—en wat ek later aan ander vlieëniers geleer het, tydens hul opleiding.

"Moenie met die kontroles baklei tydens onstuimigheid nie," het ek altyd aan hulle gesê. "Bly kalm; moet nie oorreageer nie. Hou jou oë gefokus op die senterlyn van die aanloopbaan. Indien jy afwyk van jou verkose aanvlug pad, maak vinnige maar doelgerigte regstellings. Vertrou die potentiaal van jou vliegtuig. Ry die storm uit."

Ervare vlieëniers verstaan dat hulle nie altyd die omstandighede om hulle kan beheer nie. Hulle kan nie net die die omstuimigheid afskakel nie. Hulle kan nie die reën of die sneeu laat verdwyn nie. Hulle kan nie veroorsaak dat die wind ophou waai nie, óf die rigting daarvan verander nie.

Maar hulle weet ook dat dit ŉ fout is om omstuimigheid of sterk winde te vrees—en om veral deur hulle ontsenu te word nie. Die manier om veilig te land onder gure omstandighede, is om so perfek as moontlik, op die regte rigting en sweef pad te bly.

Terwyl ek die vliegtuie een na die ander dopgehou het terwyl hulle hul finale aanvlugte gedoen het en die beginsels hersien het wat ek oor my baie jare as vlieënier geleer het, het ek gewonder of daar nie ŉ les hieruit geleer kan word vir ons daaglikse lewe nie.

Ons kan nie altyd die storms beheer wat die lewe in ons pad strooi nie. Partykeer gaan dinge net nie in ons guns nie. Ons kan geskud voel en rondgewaai word deur die onstuimigheid van teleurstelling, twyfel, angs, droefheid, en stres.

Gedurende hierdie tye is dit maklik om opgevang te word in alles wat verkeerd gaan om ons, en om ons probleme, die fokus van ons denke te maak. Die versoeking is om op die beproewing waardeur ons gaan, te fokus, eerder as om op die Verlosser en ons getuienis van die waarheid, te fokus.

Maar dit is nie die beste manier om deur die probleme in ons lewens te stuur nie.

Net soos wat ŉ ervare vlieënier nie sy fokus op die storm hou nie, maar eerder op die middel van die aanloopbaan en die korrekte landings punt hou, net so moet ons, ons fokus op die middelpunt van ons geloof—ons Verlosser, Sy evangelie, en Ons Hemelse Vader se plan—en op ons finale doel—om veilig terug te keer na ons hemelse bestemming, hou. Ons moet in God vertrou en, om op die pad van dissipelskap te bly, die fokus van ons inspanning, maak. Ons moet ons oë, harte, en denke daarop fokus, om so te lewe soos wat ons weet ons moet.

Deur ons geloof en vertroue in Hemelse Vader te toon deur met vreugde Sy gebooie te onderhou, sal vir ons vreugde en glorie bring. En as ons op die pad bly, sal ons deur enige onstuimigheid kom—dit maak nie saak hoe sterk dit mag blyk nie—en veilig na ons hemelse tuiste terug keer.

Óf die hemelruim rondom ons skoon is óf gevul is deur dreigende wolke, as dissiples van Jesus Christus, soek ons eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, wetende dat as ons dit doen, alles wat ons nog benodig uiteindelik voorsien sal word (sien Matthéüs 6:33).

Wat ꞌn belangrikke lewens les!

Hoe meer ons behep word met ons probleme, ons worstelinge, ons twyfels, ons vrese, hoe moeiliker kan dinge word. Maar, hoe meer ons fokus op ons finale hemelse bestemming en op die vreugde wat kom deur die dissipels pad te wandel—God lief te hê, en ons naaste te dien—hoe meer waarskynlik is dit, dat ons suksesvol deur die tye van beproewing en onstuimigheid sal stuur.

Geliefde vriende, dit maak nie saak hoe hewig die winde van ons aardse lewens om ons loei nie, die evangelie van Jesus Christus sal altyd die beste pad wees om veilig in ons Hemelse Vader se koninkryk te land.

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

President Uchtdorf bemaan ons om in "God te vertrou en, om die fokus van ons inspanning te maak, om op die pad van dissipelskap te bly." Oorweeg dit om diegene wat julle besoek te vra hoe hulle dit reg gekry het om gefokus te bly op "ons finale hemelse bestemming en op die vreugde wat kom deur die dissipels pad te wandel" in tye van beproewing. Nooi hulle uit om aan maniere te dink hoe hulle op hul getuienis en Christus kan fokus en biddend te besluit hoe hulle een of meer van hierdie idees in hulle lewens sal gebruik.

## JEUG

### ꞌn Fondasie vir My Getuienis

Deur Jennifer Weaver

Toe ek 16 jaar oud was, het ꞌn vriend met die sendelinge by my huis opgedaag. Binne die bestek van ꞌn maand vanaf die eerste bespreking, het hulle al my vrae met helderheid beantwoord. Ek het gevoel hoe die Heilige Gees aangaande die waarheid van die boodskap van die Herstelling getuig het. Dit was soos niks wat ek nog ooit ervaar het nie, en ek het geweet dat alles van dit waar was.

Nieteenstaande het ek meer verwerping en teenstand as ooit tevore ervaar. Ek het alleen, moeg, en verward gevoel. As ek die regte ding doen, hoekom ondervind ek dan so baie teenstand? Ek kon nie verstaan hoe my beproewinge vir my ten goede kan wees nie. Die sendelinge het my geleer om te bid, selfs, in die middel van ꞌn skool dag. Wanneer dinge te veel geword het, het ek my hart opgedra aan God, en onmiddelik die vertroosting van die Gees ondervind.

Die week van my doop was vol beproewing. My baas het gedreig om my in die pad te steek as ek nie my doop mis om vir ꞌn kollega in te staan nie, ek het in die hospitaal beland met nierstene en my ouers het my gevra om ons huis te verlaat. Met so baie dinge buite my beheer het ek geen ander keuse gehad as om na die Here te keer.

Elke een van die beproewinge *het* tot my voordeel uitgedraai. Hulle het my gehelp om die leerstellings van die evangelie te leer wat ꞌn fondasie gevorm het vir my getuienis.

*Die skrywer woon in Idaho, VSA.*

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15.
Vertaling van die *First Presidency Message, February 2016*. Afrikaans. 12862 501

# Die Huwelik is Verorden van God

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal, om "Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" te verstaan, jou geloof in God vermeerder en diegene waaroor jy waak deur vroue besoek, te seën? Vir meer inligting gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

Die Eertse Presidensie, en die Kworum van die Twaalf Apostels, en leiers hou aan om te verklaar dat die "huwelik tussen 'n man en 'n vrou deur God verordeneer is en dat die familie sentraal is aan die Skepper se plan."[1]

Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê: "'n Familie wat gebou word op die huwelik tussen 'n man en 'n vrou, lewer die beste raamwerk vir God se plan om te floreer. . . .

". . . Nie ons of enige ander mens kan hierdie Goddelike instelling van die huwelik, ter syde stel nie."[2]

Bonnie L. Oscarson, Jong Dame algemene president, het gesê: "Elkeen, ongeag, wat hulle huweliks omstandighede mag wees of die hoeveelheid kinders wat hulle het, kan die Here se plan verdedig, soos uiteengesit in die Familie Aankondiging. As dit die Here se plan is, moet dit ook ons plan wees!"[3]

Ouderling Christofferson het bygevoeg: "Sommige van julle, is sekere van die seëninge van die huwelik weerhou, vir 'n verskeidenheid redes, wat onder meer kan insluit, te min moontlike metgeselle, selfde-geslag aantrekking, fisiese of geestelike gestremdheid, of eenvoudig net 'n vrees van mislukking. . . . Of, julle het getrou, maar die huwelik is beïndig. . . . Sommige van julle wat getroud is, kan nie kinders baar nie. . . .

"Nie teen staande, . . . elkeen kan bydra tot die ontvouing van die goddelike plan in elke geslag."[4]

## *Addisionele Skrifgedeeltes*

Genesis 2:18-24; 1 Korintieërs 11:11; Leer en Verbonde 49:15-17

## *Lewende Verhale*

Broer Larry M. Gibson, voormalige eerste raadgewer in die Jong Man algemene presidentskap, onthou toe Shirley, nou sy vrou, gesê het:

"'Ek is lief vir jou want ek weet jy is liewer vir die Here as wat jy vir my is.' . . .

"Daardie antwoord het my diep in my hart getref. . . .

". . . [En] ek wou hê sy moet altyd voel dat ek die Here bo alles lief het."[5]

Ouderling David A. Bednar van die Kworum van die Twaalf Apostels het geleer: "Die Here Jesus Christus is die fokus punt van 'n verbonds huwelik verhouding. . . . [Verbeel jou dat] die Verlosser geposisioneer is aan die bo-punt van ['n] driehoek, met die vrou op die basis aan die een hoek en die man op die basis aan die ander hoek. Dink nou wat met die verhouding tussen die man en die vrou gebeur soos wat hulle as individueë, voortdurend 'na Christus [toe] kom, om in Hom vervolmaak te word' (Moroni 10:32). As gevolg van en deur die Verlosser, kom die man en die vrou nader aan mekaar."[6]

**NOTAS**

1. "Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" *Liahona,* Nov. 2010, 129.
2. D. Todd Christofferson, "Hoekom die Huwelik, Hoekom Familie" *Liahona,* Mei 2015, 52.
3. Bonnie L. Oscarson, "Verdedigers van die Familie Aankondiging," *Liahona,* Mei 2015, 15.
4. D. Todd Christofferson, "Hoekom die Huwelik, Hoekom Familie," 52.
5. Larry M. Gibson, "Vervulling van Ons Ewigdurende Lot," *Ensign,* Feb. 2015, 21–22.
6. David A. Bednar, "Die Huwelik Is Noodsaaklik Tot Sy Ewigdurende Plan," *Liahona,* Junie. 2006, 54.

## *Ter Oorweeging*

Hoe strewe ek om alleen en voortdurend tot "Christus te kom"?

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, February 2016.* Afrikaans. 12862 501